

**Maandag 22 Januarie**

**Skrifgedeelte: Josua 24:1-4, 11-18**

**Fokusgedeelte: Josua 24:2;  
Heidelbergse Kategismus 34:94**

## Die voorkoms van afgodery

Uit Josua 24:2 is dit duidelik dat die mense se kennis van God en sy wil só verdof en verswak het dat hulle reeds vroeg begin het om afgode te dien. Tera, die vader van Abraham, het dit ook gedoen. In Josua 24:14 word gesê dat Israel ook in Egipte die gode van daardie land gedien het. Vandaar dan ook die streng verbod van die Here op alle af-godery in die eerste gebod (Eks. 20:3).

In werklikheid het alle afgodery begin by die sondeval toe die mens hoër waarde geheg het aan die misleidende woorde van Satan as aan die bevel van God (Gen. 2:16, 17; 3:6). Toe het Satan hom verhef tot “owerste van hierdie wêreld” (Joh. 12:31; 14:30; 16:11). Hy het probeer om van die mense vyande van God te maak. Hy het dit egter nie gedoen as wettige koning nie, maar as ’n onwettige en revolusionêre hoof. So wou hy God van sy eer beroof. In die proses het hy probeer om van alle mense afgodsdienaars te maak, met homself as hoof van die afgode.

By die ou heidendom is daar growwe afgodery gevind. In plaas van God is mensgemaakte gode soos Baäl, Astarte, Dagon, Bel, Nebo ensovoorts, gedien. Later is die afgodery ook met die Boeddhisme, Hindoeïsme ensovoorts, voortgesit. Dit was ’n openlike breuk met die ware God. By die moderne heidendom word dikwels minder openlike maar meer verfynde vorms van afgodery aangetref. In hoofsaak kom dit neer op mensaanbid-ding (sporthelde, filmsterre, politieke leiers, ens.) en ook stofaanbidding (geld, genot [2 Tim. 3:4], ens.). Tans is Satanisme seker een van die ergste vorms van afgodery, omdat daarin nie slegs ’n menslike persoon of saak vereer word nie, maar die grootste teenstander van God en sy volk. Hierdie afgodery sal uiteindelik uitloop op die verering van die Antichris as god kort voor die wederkoms van Christus (2 Tess. 2:1-12).

In hierdie verband moet in gedagte gehou word dat al die verskillende afgode niks anders is nie as die verskillende gestaltes wat Satan aanneem om sy aanvalle op die gelo-wiges te loods. Uit ’n bepaalde hoek gesien, gee die Bybel die verhaal van die stryd van Satan teen die volk van God. Christus het Satan egter oorwin en Hy bied ewige redding van die afgode vir almal wat by Hom skuil. Met sy oorwinning aan die kruis het Christus die weg gebaan vir Satan en al sy afgodiese magte om as die owerste van hierdie wêreld “uitgegooi te word buitentoe” om vir ewig God se oordeel te ontvang (Joh. 12:31; Op. 20:10).